

Woensdag 8 Mei

Skrifgedeelte: Genesis 15:1-6

Fokusgedeelte: Genesis 15:5

Tel die sterre!

Op 'n dag het koning Dawid 'n ingewing gekry om die volk te tel (2 Sam. 24:1). Hy wou weet hoe groot en magtig en sterk en talryk die volk is waarvan hy koning is. Dawid se begeerte was 'n bese begeerte. Dit het gou geblyk. Die HERE tref Israel met 'n enorme plaag. Dawid se tallery is die oorsaak daarvan dat 70 000 manne sterf. Dis so goed asof bykans die hele GKSA in 'n oogwink uitgewis word.

Hoe anders staan sake in Genesis 15. Dis nie Abram wat 'n bevlieging kry om te gaan sterre tel nie. Die HERE lei hom uit sy tente na buite met die opdrag: "Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel." Op daardie oomblik was Abram kinderloos. 'n Man in 'n vreemde land. 'n Man sonder toekoms, menslik gesproke. 'n Man wat worstel. Hy ken die HERE se beloftes (Gen. 12:1, 2). Maar die HERE se paaie is duister. Hoe gaan al die beloftes van 'n land vol nakomelinge werklikheid word?

Die HERE kom Abram in sy worsteling tegemoet. Gaan tel sterre, Abram! Want "so sal jou nageslag wees". Die HERE gee vir Abram 'n duidelike teken om sy beloftes te bevestig. Die HERE doen dit nie as ons in ongeloof na tekens soek nie. Hy doen dit ook nie as ons in ongeloof begin tel en somme maak nie. Dink aan Dawid en wees permanent gewaarsku. Maar die HERE gee wel sekerheid as ons opreg vra: "Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp" (Mark. 9:24)!

Abram tel. Elke aand kon hy weer gaan tel om sy geloof te versterk. Maar ontvang hy alles wat hy getel het? Nie onmiddellik nie, inteendeel. Abram word nie oornag Abraham, 'n vader van menigte, nie. Wat sou hy dink en sê? Here, u beloftes kan nie uitkom nie? Nee, dis nie wat hy doen nie. Die Skrif leer ons: "En hy het in die HERE geglo", onvoorwaardelik. Hy vind volkome rus in die HERE se beloftes.

Hy vind nie net rus in die HERE se belofte van 'n nageslag en 'n land om in te woon nie. Want luister: die HERE "het hom dit tot geregtigheid gereken". Hoe kan die HERE vir Abram in liefde aansien en sy sondes vergewe? Alleen omdat die Here Jesus in die volheid van die tyd uit sy saad gebore sal word. Christus sal ook vir Abram instaan. Glo ons onvoorwaardelik in die Here en al sy beloftes? Dan sal Hy ook aan ons sy vergewende genade om Christus wil skenk. Daarvan is die doop en nagmaal duidelike tekens en seëls.

Sing: Psalm 105-1:5

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)